

LEWE EN LEWENDE DINGE

Ondersoek – Habitate van diere



Opdrag:

Kies drie Afrika wilde diere en beskryf en skryf oor hul habitatte en waarom hulle geskik is vir lewe in die habitatte.

Hou die volgende ingedagte wanneer jy jou ondersoek skryf:

1. Daar moet **3 wilde Afrika diere** wees met hul **habitate**.
2. Jy moet prente in jou ondersoek gebruik.
3. Jou ondersoek mag nie langer as 3 bladsye wees nie.


Jy sal volgens die volgende rubriek gemerk word:

Rubriek – Habitate van Afrika diere		
		Punt
1. Die leerder se ondersoek bevat 3 Afrika diere met hul habitatte.	5	
2. Die leerder se beskrywing oor die diere se habitatte is breedvoerig geskryf en daar is bewyse dat die leerder navorsing gedoen het.	10	
3. Die leerder se ondersoek bevat prente.	3	
4. Die leerder se ondersoek is netjies.	2	
		Totaal: __/20

Lewende en nie-lewende dinge

VRAAG 1

Kyk na die prente in die blok en sorteer hulle dan in die tabel volgens lewend en nie-lewend.



Lewend	Nie-lewend

Totaal Vraag 1: ____/7

VRAAG 2

Skryf 4 kenmerke neer van 'n lewende ding en gee 'n beskrywing van elk.

Kenmerk 1

Kenmerk 2

Kenmerk 3

Kenmerk 4


Totaal Vraag 2: ___/8

Totaal Vraag 1 + Vraag 2: ___/15

Lewende en nie-lewende dinge - Memorandum

VRAAG 1

Kyk na die prente in die blok en sorteer hulle dan in die tabel volgens lewend en nie-lewend.



Lewend	Nie-lewend
Koei blom	Weerlig Televisie Rots Vuur Rivier

VRAAG 2

Skryf 4 kenmerke neer van 'n lewende ding en gee 'n beskrywing van elk.

Die leerders kan enige van die volgende 7 kenmerke met hul beskrywings skryf.

1. Beweging

Alle lewende dinge beweeg, byvoorbeeld mense en diere gebruik hulle liggame om te beweeg. Plante groei ook na die lig van die son.

2. Asemhaling

Mense en diere haal asem deur die suurstof in die lug te gebruik. Die suurstof skakel om na koolstofdiksied as dit uitgeasem word.

3. Voortplanting

Lewende dinge vermeerder deur voor te plant. Mense en diere kry babas. Sommige plante het sade en ander vermeerder deur lote of steggies.

4. Voeding

Lewende dinge benodig voedsel om te lewe. Voedsel word omgesit in energie.

5. Ontlasting

Alle lewende dinge ontlast, dit is hoe mense en diere se liggame ontslae raak van die afvalprodukte in ons liggaam.

6. Groei

Alle lewende dinge groei, byvoorbeeld 'n saailing word 'n plant of babas van mense en diere word volwassenes.

7. Sensoriese waarneming/gevoeligheid

Alle lewendige dinge reageer op uitwendige dinge wat hulle ervaar, byvoorbeeld in die winter hiberneer sommige diere of ons sal 'n trui aantrek as ons koud kry.

Totaal Vraag 2: ____/8

Totaal Vraag 1 + Vraag 2: ____/15


Naam en van: _____

Datum: _____

LEWE EN LEWENDE DINGE

Diere

Kyk na die prente hieronder van die verskillende diere en sorteer hulle dan in die tabel.



LEWE EN LEWENDE DINGE

Diere

Diere wat leef op land	Diere wat leef in die see	Diere wat in 'n rivier leef	Herbivore
Diere met 'n ruggraat	Soogdiere	Karnivore	Reptiele

Memorandum

LEWE EN LEWENDE DINGE

Diere

Diere wat leef op land	Diere wat leef in die see	Diere wat in 'n rivier leef	Herbivore
Leeu Olifant Luiperd Skilpad Koei Slang Hond	Kreef Dolfyn	Krokodil Slang Otter	Koei Olifant Skilpad
Diere met 'n ruggraat	Soogdiere	Karnivore	Reptiele
Koei Leeu Luiperd Hond Otter Slang	Olifant Hond Koei Dolfyn Leeu Luiperd	Leeu Luiperd Slang Krokodil Otter	Krokodil Slang

Groeiende gis

OPDRAG:

Voer die volgende eksperiment uit deur die instruksies hieronder te volg.

Neem fotos van jou eksperiment.

Beantwoord die vrae.

BENODIGHEDE (wat jy nodig het)

1. Pakkie droë gis
2. Suiker
3. Louwarm water
4. Leë glas



WAARSKUWING
Moenie kookwater
gebruik nie! Jy
kan brand.

INSTRUKSIES:

1. Sit 'n teelepel suiker en 'n teelepel droë gis in jou glas. Meng dit met jou lepel.
2. Voeg 3 teelepels loutarm water by.
3. Meng jou suiker en gis mengsel met die loutarm water en maak seker dat dit goed gemeng is.
4. Kyk wat gebeur.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat het met die gis en suiker mengsel gebeur toe jy die loutarm water bygegooi het? (2)

2. Wat het gis nodig om lewend te word? (1)

3. Waarvoor word gis gebruik? Noem twee voorbeelde. (2)

4. Plak jou foto's van jou eksperiment van groeiende gis in die blok.

(5)



Totaal: __/10

Memorandum

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat het met die gis en suiker mengsel gebeur toe jy die loutwarm water bygegooi het?

Die mengsel begin om te bruis of om skuim te maak. Na 'n rukkie begin dit om te rys.

2. Wat het gis nodig om lewend te word?

Gis benodig hitte om lewend te word. ✓ 1 punt

3. Waarvoor word gis gebruik? Noem twee voorbeelde.

- Om die deeg van brood te laat rys. ✓ 1 punt
- Om koeke te laat rys. ✓ 1 punt
- OF Word gebruik in die maak van bier. ✓ 1 punt


4. Plak jou foto's van jou eksperiment van groeiende gis in die blok.

Die foto's van die leerder is die bewys dat hy werklik die eksperiment uitgevoer het en daarom tel die vraag 5 punte.

VASTESTOF, VLOEISTOF EN GASSE

Materie en materiale - Materiaal om ons

Kyk na die verskillende prente hieronder en besluit of is hulle 'n vastestof, 'n vloeistof of 'n gas is. Voltooi dan die tabel en gee 'n rede hoekom jy se die voorwerp is 'n vastestof, 'n vloeistof of 'n gas.

A large, empty rounded rectangular box with a thick black border, intended for drawing or writing. The box is vertically oriented and occupies most of the lower half of the page.

VASTESTOF, VLOEISTOF EN GASSE

Voorwerp	Vastestof	Vloeistof	Gas
1. Ysblokkie			
2. Water in 'n glas			
3. Stoom van 'n ketel			
4. Rots			
5. Lawa vanuit 'n vulkaan			
6. Reën			
7. Uitlaatgasse van motors			
8. Plastiek			

Memorandum

Voorwerp	Vastestof	Vloeistof	Gas
1. Ysblokkie	'n Ysblokkie is 'n vastestof, omdat hy 'n definitiewe vorm het. Hy vloei nie en hy beset 'n definitiewe ruimte.		
2. Water in 'n glas		Water is 'n vloeistof, omdat dit kan vloei. Dit het nie 'n definitiewe vorm nie. Dit beset 'n definitiewe ruimte.	
3. Stoom van 'n ketel			Stoom is 'n gas, want dit kan vloei. Dit het geen definitiewe vorm nie en beset 'n definitiewe ruimte.
4. Rots	'n Rots is 'n vastestof omdat hy 'n definitiewe vorm het. Hy vloei nie en hy beset 'n definitiewe ruimte.		
5. Lawa vanuit 'n vulkaan		Lawa vanuit 'n vulkaan is 'n vloeistof, omdat dit kan vloei. Dit het nie 'n definitiewe vorm nie. Dit beset 'n definitiewe ruimte.	
6. Reën		Reën is 'n vloeistof, omdat dit kan vloei. Dit het nie 'n definitiewe vorm nie. Dit beset 'n definitiewe ruimte.	
7. Uitlaatgasse van motors			Uitlaatgasse van motors is 'n gas, want dit kan vloei. Dit het geen definitiewe vorm nie en beset 'n definitiewe ruimte.
8. Plastiek	Plastiek is 'n vastestof omdat hy 'n definitiewe vorm het. Hy vloei nie en hy beset 'n definitiewe ruimte.		



Watersiklus



Materiaal om ons

Teken die watersiklus in die blok en beskryf die stappe van die watersiklus. Jou tekening van die watersiklus moet byskrifte hê.


A large, empty rounded rectangular box with a thick black border, intended for drawing the water cycle.A series of ten horizontal lines spaced evenly down the page, intended for writing a description of the water cycle steps.

Rubriek - Watersiklus

	5	4	3	2	1
1. Die leerder se tekening van die watersiklus is korrek en die leerder het die nodige byskrifte op die tekening geskryf.	5	4	3	2	1
2. Die leerder het die stappe van die watersiklus korrek beskryf.	5	4	3	2	1
	Totaal: __/10				

Memorandum

Teken die watersiklus in die blok en beskryf die stappe van die watersiklus. Jou tekening van die watersiklus moet byskrifte hê.



Die son se hitte verander vloeibare water in waterdamp of 'n gas. Dit word verdamping genoem. Die waterdamp styg dan tot in die atmosfeer. Terwyl die waterdamp styg, koel dit af en verander dit van 'n gas na 'n vloeistof, en dus weer na waterdruppels. Dit word kondensasie genoem. Wanneer hierdie waterdruppels in die atmosfeer is, heg hulle aan mekaar en vorm wolke. Wanneer hierdie waterdruppels te swaar word om in die atmosfeer te bly, val dit as reën, hael of sneeu af aarde toe. Dit word neerslag genoem. Sommige van hierdie waterdruppels val in oseane, riviere, strome, mere en damme, en sommige waterdruppels val op die aarde waar dit in die grond in syfer, en ander loop af in riviere, mere, damme en die oseaan. Hierdie waterdruppels kan dan weer deur die son verhit word en so begin die watersiklus weer.